JAKARANDA e-KAMP

VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: _e-Handwerk_

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com , om op **FB** te laai. Bo alles – GENIET DIT!

Hierdie spesialisasie het baie demonstrasies. Dus heelwat leiding van ouer en meer ervare persone is hier nodig. Daar is heelwat video's op die internet en ook wenke op die Voortrekker toepassing beskikbaar.

DAG 1 Maak soutklei aan: Meng 1 ET olie; 2 k koekmeel; ½ k sout; ½ k water saam. Plaas in lugdigte houer tot wanneer nodig.	DAG 2 Gebruik die helfte van die soutklei. Maak 'n afdruk van jou voet. Laat droog word.	DAG 3 Gesels met jou huismense oor hoe belangrik dit is om te beplan wat jy wil maak en seker te maak dat jy alle toerusting het..	DAG 4 Maak knope bymekaar in die huis. Kry leë skoon potplanthouer en versier deur die knope daarop te plak. Werk 'n patroon uit.	DAG 5 Plant 'n spekboompie in jou potplanthouer
DAG 6 Vind uit oor die veiligheid van handwerkgereedskap soos skapel messies, skêre, naalde en spelde. Vind uit hoe moet kwassies versorg word na gebruik.	DAG 7 Aartappel druk. Sny 'n vormpie uit op ;n aartappel. Druk in verf en gebruik as stempel op material, papier of karton. Skep verskillende prentjies met jou stempel.	DAG 8 Maak 'n boekmerk: Sny reghoek uit karton en versier met prentjies of verf dit. Maak 'n tossel van wol. Druk gaatjie met pons en maak tossel vas	DAG 9 Maak 'n pom-pom. Sny twee ewe groot sirkels uit stewige karton. Sny 'n gaatjie in die middel uit.. Ryg wol deur die gaatjie al om die kante tot die gaatjie vol is. Sny wol al op die buiterand los. Knoop wol vas in die middel van die 2 karton sirkels en trek kartonne uit.	DAG 10 Krale armband. Maak 'n armband van krale in die Voortrekker kleurkode.oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud. Indien jy nie krale het nie, rol papierkrale en ryg dit in.
DAG 11 Buig 'n draadhanger in 'n hartjie vorm. Knoop lint en stroke lap om die draad.	DAG 12 Neem jou ander helfte van die soutklei en maak houer vir penne / potlode. Laat droog word.	DAG 13 Hou eierdoppe en laat droog word. Maak eierdoppe bietjie fyn (nie te fyn). Plak die eierdoppe op prentjie van die landsvlag. Laat droog word en verf met die regte kleure.	DAG 14 Verf jou droë kleivoet en pennehouer.	DAG 15 Gebruik roomysstokkies om 'n fotoraampie te maak. Versier jou raampies. Sit 'n foto in jou raampie.
DAG 16 Verf 'n leë skoon boontjie /groente / vrugte blikkie met wit verf. Bedek en plak 'n servet om blikkie. Sny oortollige servetpapier mooi gelyk af.	DAG 17 Maak 'n deurstop van 'n skoon baksteen wat met lap oorgetrek word.	DAG 18 Maak badsout van engelse sout, kleur- en geurmiddels. Bedek en plak 'n pille-houer met aanklipdeksel met 'n mooi stukkie lap. Sny oortollige lap mooi gelyk af. Bere die badsout in die houertjie en gee dit as 'n geskenk vir een van die huismense.	DAG 19 Maak 'n bord van papier mache. Baie stroke koerantpapier. Stroke wit papier vir finale laag. "Gom" gemaak van koekmeel en water. Laat droog word en verf	DAG 20 Kikker 'n ou effekleurige kussingsloop op met knoop en doop. Knoop rekkies om albasters vas. Verdun verf met water en gooi in spuitbottels. Spuit verf oor sloop. Pasop vir te veel verf. Laat droog word. Maak rekkies los. Stryk die sloop.

Veels geluk!! Jy het die e-Handwerk (gr 3) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!

Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.